



Dads, make a difference!

We've known for a long time that fathers have an important role to play in the lives of their children. And research over the last twenty years tells us that fathers strengthen their children's development when they are actively involved and interested in the lives of their children. There is no single "right" way for fathers to do this. Nor do fathers have to live with their children to make a positive difference.

There are many different ways that dads can connect with their children – playing and reading together, going to school events and activities, and chatting on the phone. The key is to do these things

regularly. (For more ideas, see our "10 tips for connecting with your children" on page 13.) Even small amounts of time spent together are special, and help you bond and make memories. And, although it is best for dads to be involved from early in their children's lives, it's never too late to re-connect with your children.

For children, one of the main benefits of having a close relationship with their fathers, is that it helps them to feel wanted and secure. Quality father-and-child time increases children's self-esteem, confidence and social skills. And it is as important for girls as it is for boys.

There are also academic benefits when fathers are involved in their children's lives. "The amount of time that fathers spend with their children day-to-day, has a greater effect on school marks than the amount of money they earn," says Front Page Father. This is an organisation that works to create awareness of the value of involved fathers, and who also wants to empower men to become more involved in the lives of their families and children. "And, the amount of time fathers spend reading with their children, is one of the best ways of predicting how well their children will read and write." Dads who read to their children are reading role models for them. They show their children that literacy is important and that reading is an enjoyable, satisfying activity.

Of course, fathers also benefit from being involved in their children's lives. "Involved dads," explains Front Page Father, "have more confidence and self-esteem themselves, have a better relationship with their children and experience more satisfaction as parents."



INSIDE!
Pages 5, 14 and 15:
Stories that celebrate special relationships with fathers
Page 13: 10 tips for connecting with your children

BINNE!
Bladsye 5, 14 en 15:
Stories wat spesiale verhoudings met pa's vier
Bladsy 13:
10 wenke om 'n band met jou kinders te bou

We will be taking a break until the week of 9 August 2015. Join us then for more Nal'ibali reading magic!

Ons neem 'n blaaskans tot en met die week van 9 Augustus 2015. Sluit dan weer by ons aan vir nog Nal'ibali-leesplezier!

Pa's, maak 'n verskil!

Ons weet lank reeds dat pa's 'n belangrike rol in hulle kinders se lewens speel. En navorsing oor die afgelope twintig jaar sê vir ons dat pa's hulle kinders se ontwikkeling bevorder wanneer hulle aktief betrokke is en belangstel in hulle kinders se lewens. Daar is nie een enkele "regte" manier vir pa's om dit te doen nie. Pa's hoef ook nie saam met hulle kinders te woon om 'n positiewe verskil te maak nie.

Daar is baie verskillende maniere waarop pa's 'n band met hulle kinders kan vorm – deur saam

te speel en te lees, na skoolbyeenkomste en -aktiwiteite te gaan, en oor die foon met hulle te gesels. Die geheim is om hierdie dinge gereeld te doen. (Vir nog idees, sien ons "10 wenke om 'n band met jou kinders te bou" op bladsy 13.) Selfs 'n kort tydjie wat saam deurgebring word, is spesiaal, en help julle om 'n band te vorm en herinneringe te bou. En al is dit die beste vir pa's om vroeg reeds by hulle kinders se lewens betrokke te wees, is dit nooit te laat om 'n band met jou kinders te bou nie.

Een van die belangrikste voordele wat kinders uit 'n hegte verhouding met hulle pa's put, is dat dit hulle welkom en veilig laat voel. Gehaltetyd wat pa's en kinders saam deurgebring, verhoog kinders se selfagting, selfvertroue en sosiale vaardighede. En dit is ewe belangrik vir seuns en dogters.

Daar is ook akademiese voordele wanneer pa's betrokke is by hulle kinders se lewens. "Die hoeveelheid tyd wat pa's op 'n daaglikse basis

met hulle kinders deurgebring, het 'n groter invloed op die kinders se lewens as die hoeveelheid geld wat hul pa's verdien," sê Front Page Father. Dit is 'n organisasie wat werk om bewustheid te kweek vir die waarde van betrokke pa's, en wat ook mans wil bemagtig om meer betrokke te raak by die lewens van hulle families en kinders. "En die hoeveelheid tyd wat pa's saam met hulle kinders deurgebring deur vir hulle te lees, is een van die beste maniere om te voorspel hoe goed hulle kinders sal lees en skryf." Pa's wat vir hulle kinders lees, is rolmodelle vir hulle. Hulle wys vir hul kinders dat geletterdheid belangrik is en dat lees 'n genotvolle, bevredigende aktiwiteit is.

Natuurlik baat pa's ook daarby wanneer hulle betrokke is by hulle kinders se lewens. "Betrokke pa's," verduidelik Front Page Father, "het self meer selfvertroue en selfagting, het 'n beter verhouding met hulle kinders en ervaar meer bevrediging as ouers."



Drive your imagination

Story Power.
Bring it home.
Bring dit huis toe.






Get story active!

Here are some ideas for using the stories in this supplement. Choose the ones that best suit your children's ages and interests.

Topo's tree house

This story is best suited to children at primary school. If you are using this story with very young children, you may want to read the story on your own first, and then retell it in your own words while showing them the pictures.

In *Topo's tree house*, Topo shows compassion and caring towards the dove even though she builds her nest in his tree house. Topo's father shows caring and compassion towards Topo when he needs help with understanding his feelings.



- ★ Have your children ever seen a bird's nest? Explain that nesting birds are sensitive and do not like to be disturbed. If they are, they may leave the nest and the eggs will not hatch.
- ★ With your children, talk about:
 - ✿ how Topo chose to leave his tree house for a while so that the dove could nest there. Ask your children whether they think this was a good choice and what they would have done.
 - ✿ Topo's relationship with his father. Ask them how we can tell that Topo's father loves him and cares about his feelings.
- ★ Encourage your children to draw a picture for a part of the story that does not have an illustration and to write the story's words under their pictures.

Monkey business

Monkey business is also best suited to children who are of primary school age. If you read it to younger children you may need to explain to them what happens to the monkeys and how this happens.

- ★ With your children, discuss what lessons you think this story teaches us.
- ★ Talk about copying the example of others. For example, ask your children: "Why do you think the monkeys copied the people in the story? Do you think that sometimes people should copy animals? Can you think of examples of where this might work well, or not work well?"
- ★ Have you or your children ever seen or heard about a fire caused by people which has damaged the environment? First talk about these fires together. Then suggest that your children write about them and/or draw fire pictures.



A birthday present for Dad

In this story Alex has fun creating a home-made birthday present for his dad! Enjoy reading the story aloud or retelling it.

- ★ Suggest that you and your children make presents for someone special using things you collect from outside.
- ★ Re-read the paragraph that describes what Alex drew in his picture. Can your children draw Alex's picture?



Raak doenig met stories!

Hier is idees oor hoe om die stories in hierdie bylae te gebruik. Kies dié wat die beste by jou kinders se ouderdomme en belangstellings pas.



Topo se boomhuis

Hierdie storie is die beste vir kinders op laerskool. Indien jy hierdie storie vir baie jong kinders gebruik, sal jy dalk eers die storie op jou eie wil lees en dit dan in jou eie woorde wil oorvertel terwyl jy vir hulle die prente wys.

In *Topo se boomhuis*, het Topo empatie en gee hy om vir die duif, al bou sy haar nes in sy boomhuis. Topo se pa wys dat hy vir Topo omgee en empatie met hom het wanneer hy hulp nodig het om sy gevoelens te verstaan.

- ★ Het jou kinders al ooit 'n voël nes gesien? Verduidelik dat voëls wat broei sensitief is en nie daarvan hou om gesteur te word nie. As hulle gesteur word, sal hulle dalk die nes verlaat en dan sal die eiers nie uitbroei nie.
- ★ Gesels met jou kinders oor:
 - ✿ hoe Topo kies om sy boomhuis vir 'n rukkie te verlaat sodat die duif daar kan broei. Vra jou kinders of hulle dink dat dit 'n goeie besluit was en wat hulle in dieselfde situasie sou gedoen het.
 - ✿ Topo se verhouding met sy pa. Vra hulle hoe ons weet dat Topo se pa lief is vir hom en omgee vir sy gevoelens.
- ★ Moedig jou kinders aan om 'n prent te teken vir 'n deel van die storie wat nie 'n illustrasie het nie, en om die storie se woorde onder hulle prente neer te skryf.

Aapstreke

Aapstreke pas ook die beste by kinders in die laerskool. As jy dit vir jonger kinders lees, sal jy dalk vir hulle moet verduidelik wat met die ape gebeur en hoe dit gebeur.

- ★ Bespreek saam met jou kinders watter lesse julle dink hierdie storie vir ons leer.
- ★ Gesels oor hoe ons ander se voorbeeld volg. Vra byvoorbeeld vir jou kinders: "Waarom dink julle het die ape die mense in die storie nageboots? Dink julle mense behoort soms diere na te boots? Kan julle aan voorbeelde dink waar dit goed kan werk, of nie goed sal werk nie?"
- ★ Het jy of jou kinders al ooit 'n brand gesien of gehoor van 'n brand wat deur mense veroorsaak is en wat skade aan die omgewing aangerig het? Gesels eers saam oor hierdie brande. Stel dan voor dat jou kinders daarvoor skryf en/of prente van die brand teken.

'n Verjaardaggeskenk vir Pappa

In hierdie storie het Alex pret wanneer hy 'n tuisgemaakte verjaardaggeskenk vir sy pa maak! Geniet dit om die storie hardop te lees of oor te vertel.

- ★ Stel voor dat jy en jou kinders geskenke maak vir 'n spesiale persoon deur dinge te gebruik wat julle buite optel.
- ★ Lees weer die paragraaf wat beskryf wat Alex in sy prent geteken het. Kan jou kinders Alex se prent teken?



Have you signed up for the Nal'ibali app on Mxit yet? Here are some of the questions that people have sent us through this app – as well as our advice to them.

I have a problem with my son. He is 7 years old. He is very shy and he can't read. I want to help him. What should I do to help him?

Sometimes shy children find school challenging. The best thing you can do is to spend time with him in a relaxed way, doing fun things together, such as playing, telling stories, reading with him and looking at books together. If you know or can find out what interests him most, try and get stories or other books on these subjects. Also share the stories in the Nal'ibali supplement with him. Remember that its best to read to him in the language he understands best to help him gain confidence.

Do you know of any stories about single mothers that I can share with my children?

The best way to find stories about particular themes, is to visit a library near you and ask the librarian for help. You can also tell your children your own stories about the things you have done together with them. Start like this: "Once upon a time, there lived a mommy and her children named ...". Most young children love hearing simple stories about themselves and the people who care for them. You could even write down these stories to read together again on another day.

How can I help my daughter understand words in English?


You don't say how old your daughter is, but for anyone learning words in a new language, it is easier if they are given lots of clues! So, for example, looking at a picture of an apple, hearing the word, saying the word and pointing to it in the picture, reading about an apple in a story, eating a real apple and writing the word, would all help your daughter to learn and remember the word! It would also help if you told her what the word for "apple" is in her home language. Rhymes and songs are also great for helping children to learn a language. It is even better if you can find these songs or rhymes in picture books, because the pictures give clues about what the words are. If your daughter is old enough, share the bilingual stories in the Nal'ibali supplement with her – first read the story in your home language, and then in English.

Here's how to sign up for the Nal'ibali reading-for-enjoyment app:

- Download Mxit on your cellphone by going to m.mxit.com.
- Go to Apps, then Search and then Nalibali.

So teken jy in op Nal'ibali se lees-vir-genot toep:

- Laai Mxit op jou selfoon af deur te gaan na m.mxit.com.
- Gaan na Apps, dan Search en dan Nalibali.



Dear Nal'ibali... Beste Nal'ibali...

Write to Nal'ibali at PRAESA, Suite 17-201, Building 17, Waverley Business Park, Wycroft Road, Mowbray, 7700, or at letters@nalibali.org.

Skryf aan Nal'ibali by PRAESA, Suite 17-201, Gebou 17, Waverley-besigheidspark, Wycroft-weg, Mowbray, 7700, of stuur 'n e-pos aan letters@nalibali.org.

Het jy al op die Nal'ibali-toep op Mxit ingeteken? Hier is van die vrae wat mense vir ons deur hierdie toep gestuur het – en ons advies aan hulle.

Ek het 'n probleem met my seun. Hy is 7 jaar oud. Hy is baie skaam en kan nie lees nie. Ek wil hom help. Wat kan ek doen om hom te help?

Soms vind skaam kinders die skool baie uitdagend. Die beste ding wat jy kan doen, is om op 'n ontspanne manier tyd saam met hom deur te bring, en prettige dinge saam met hom te doen, soos om te speel, stories te vertel, saam met hom te lees en saam na boeke te kyk. As jy weet of kan uitvind waarin hy belangstel, probeer stories of ander boeke oor hierdie onderwerpe kry. Deel ook die stories in die Nal'ibali-bylae met hom. Onthou, dit is die beste om vir hom te lees in die taal wat hy die beste verstaan, want so sal hy selfvertroue bou.

Weet julle van enige stories oor enkelma's wat ek met my kinders kan deel?

Die beste manier om stories oor spesifieke temas te vind, is om 'n biblioteek naby jou te besoek en die bibliotekaris se hulp te vra. Jy kan ook vir jou kinders jou eie stories vertel oor die dinge wat jy saam met hulle gedoen het. Begin so: "Eenkeer was daar 'n mamma en haar kinders, en hulle name was ...". Die meeste jong kinders hou daarvan om na eenvoudige stories oor hulself en die mense wat vir hulle sorg te luister. Jy kan selfs hierdie stories neerskryf om op 'n ander dag weer saam te lees.

Hoe kan ek my dogter help om woorde in Engels te verstaan?

Jy sê nie hoe oud jou dogter is nie, maar vir enigeen wat woorde in 'n nuwe taal leer, is dit makliker as hulle baie leidrade kry! Deur byvoorbeeld na 'n prent van 'n appel te kyk, die woord te hoor, die woord te sê en daarna te wys en die woord te skryf, sal dit jou dogter help om die woord "apple" te leer en te onthou! Dit sal ook help as jy vir haar sê wat die woorde vir "apple" in haar huistaal is. Rympies en liedjies is ook wonderlik om kinders te help om 'n taal aan te leer. Dit is selfs beter as jy hierdie liedjies of rympies in prentebouke kan vind, want die prente gee leidrade oor wat die woorde is. As jou dogter oud genoeg is, deel die tweetalige stories in die Nal'ibali-bylae met haar – lees eers die storie in jou huistaal, en dan in Engels.

NAL'IBALI ON RADIO!

Enjoy listening to stories in Afrikaans and in English on Nal'ibali's radio show: RSG on Monday, Wednesday and Friday from 7.10 p.m. to 7.20 p.m. SAfm on Monday to Wednesday from 1.50 p.m. to 2.00 p.m.



NAL'IBALI OP DIE RADIO!

Geniet dit om in Afrikaans en Engels op Nal'ibali se radioprogram na stories te luister: RSG op Maandag, Woensdag en Vrydag vanaf 7.10 nm. tot 7.20 nm. SAfm op Maandag tot Woensdag vanaf 1.50 nm. tot 2.00 nm.



Celebrating our fathers!

Every year in June, we celebrate how important fathers are in our lives. Follow the instructions to make a card for your dad or for someone who is like a father to you.



Vier ons pa's!

Elke jaar in Junie vier ons hoe belangrik pa's in ons lewens is. Volg die aanwysings om 'n kaartjie vir jou pa of iemand wat vir jou soos 'n pa is, te maak.



Make a Father's Day card

1. Cut out the card along the red line.
2. Fold the card along the dotted black line.
3. Glue the two parts together.
4. On the side with the picture, write a message to the person you will give the card to. Colour in the picture.
5. On the other side, draw a picture of you and this person together, or write a poem or longer message.

Maak 'n Vadersdagkaartjie

1. Knip die kaartjie op die rooi lyn uit.
2. Vou die kaartjie langs die swart stippellyn.
3. Plak die twee dele met gom aan mekaar vas.
4. Skryf aan die kant met die prentjie 'n boodskap aan die persoon vir wie jy die kaartjie gaan gee. Kleur die prentjie in.
5. Teken aan die ander kant 'n prentjie van jou saam met hierdie persoon, of skryf 'n gedig of langer boodskap.



Create your own cut-out-and-keep books

1. Take out pages 5 to 12 of this supplement.
2. Separate pages 5, 6, 11 and 12 from pages 7, 8, 9 and 10.
3. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again.
 - c) Cut along the red dotted lines.

Maak jou eie knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye 5 tot 12 van hierdie bylae uit.
2. Skei bladsye 5, 6, 11 en 12 van bladsye 7, 8, 9 en 10.
3. Volg die aanwysings hieronder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte.
 - c) Sny dit uit op die rooi stippellyne.



Drive your imagination



Ingedagte sit Topo op die agterstoep. Sy pa kom sit langs hom. Sy pa weet van die nes en die eiertjies en dit lyk of hy weet hoe kwaad en deurmekaar Topo voel.

“Partykeer, Topo,” sê sy pa, “moet ons dinge gee aan hulle wat nie so sterk soos ons is nie. Partykeer moet ons meer vir ander gee en minder vir onself wil wat. Partykeer het iemand anders iets nodig as ons?”

Topo se pa gee hom 'n drukkie voordat hy ingaan. Topo dink oor wat sy pa gesê het.

Topo sat still and thoughtful on the back step. Father came to sit next to him. Father knew about the nest and the eggs, and he seemed to know about Topo's angry and sad feelings.

“Sometimes, Topo,” said his father, “we need to give things up for others who are not as strong as us. Sometimes, we have to let the caring feeling be stronger than our anger. And stronger than our sadness for ourselves.”


Father hugged Topo and went inside. Topo sat still and thought about what he had said.

Fold

Topo voel hartseer, kwaad en selfsugtig. Die boomhuis is syne en hy wil daarin wees.



Topo felt sad. He felt angry. He felt selfish. The tree house was his place and he did not want to move out.



HEARTLINES

Topo's tree house is one of ten stories covering different values in Heartlines' *Stories that Talk* book. There are a further nine beautifully illustrated, values-based stories in *Stories that Talk 2*. For copies of these books, please email orders@heartlines.org.za or phone (011) 771 2540. *Stories that Talk Money*, due out later this year, will contain nine more stories relating to money values.


Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi




Fold



Topo's tree house

Topo se boomhuis

Kopano Sechele
Sally MacLarty



Topo always looked forward to going home after school because then he could play in his tree house. Life was always interesting in the tree house.

Topo's father had built it high up in the yard's biggest tree. Topo could see many things from the tree house. He could see roofs with different shapes and colours, tall buildings far away, and closer, he could see other trees and lots of small animals and birds.

Fold



Just as Topo was getting tired, the little dove flapped its wings harder than ever and flew up higher and higher. This time, it did not come down. Topo stopped running, and watched. He watched as the little bird flew further and further and higher and higher. He was so happy he shouted out loud. It felt like he had just learnt to fly too!

Net toe Topo begin moeg word, klap die duifie sy vlerkies hard en styg op. Hoër en hoër vlieg hy. Hierdie keer kom hy nie weer af nie. Topo staan en kyk. Hy sien hoe die voëltjie al hoe verder en hoër vlieg. Hy spring op en af van vreugde. Dit voel amper asof hy ook geleer het hoe om te vlieg!


Net toe hy nader gaan om beter te sien, kom die ma-duif terug. Dit lyk of sy vir hom "Gaan weg!" se.
 "Dis my boomhuis," dink Topo. "Hoe kom moet ek weggaan?"
 Maar Topo weet hy kan nie sy boomhuis met die duif deel nie. "Dis die eiertjies of ek," dink hy.



But just as he tried to see better, the mother bird flew into the tree again. "Go away," she seemed to say. "Go away."
 "This is my tree house," thought Topo. "Why should I go away?"
 But Topo knew that he couldn't share his tree house with the dove. "It's the eggs or me," he thought.

Topo loved the beautiful eggs. But he knew that if he was in the tree house, the eggs would not hatch. So he made a decision ... the dove could have his tree house for as long as she needed it, and he would sit on a branch nearby to watch her.
 So Topo found a branch on the other side of the tree house, and sat and watched. He noticed that the dove never left the eggs for long. She spent most of the time sitting on them to protect them. But one day, while the dove was away, it became very windy, and the branches waved up and down and from side to side. The dove was not at her nest. Topo was worried that the nest would be blown away. He waited and waited for the dove to come back.
 Topo hou van die mooi eiertjies. Maar hy weet as hy in die boomhuis speel, sal die eiertjies nie uitbroei nie. Hy neem 'n besluit . . . die duif kan sy boomhuis kry terwyl sy dit nodig het en hy sal daar naby op 'n tak sit en kyk wat sy doen.
 Topo soek 'n lekker tak oorkant die boomhuis. Daar hou hy wag. Hy sien dat die duif die eiertjies nooit lank alleen laat nie. Sy sit amper heeltyd op hulle om hulle warm te hou en te beskerm.
 Op 'n dag toe die duif weg is, kom die wind op en die takke wai wild heen en weer. Die duif is nie by haar nes nie. Topo raak bekommerd dat die nes sal weggwaai. Hy wag en wag vir die duif om terug te kom.

Fold



Nggawwi! Nggawwi!
 They snored and they snored,
 but from the ground came another sort of sound!
Crack! Crack!
 Monkeys are playful and curious too.
 Sometimes they copy what humans do.



Nggawwi! Nggawwi!
 Hulle snork-smork en hulle fluit,
 maar vanuit die droë grassies kom 'n ander geluid!
Kraaki! Knetter!
 Apies wil graag speel en kyk,
 wat mense doen en hoe hulle lyk.



The monkeys giggled and tumbled about,
 until at last they wore themselves out.
 So they lay in the branches and put up their feet,
 and in no time at all they were all fast asleep.




Die apies giggel en tuimel daar rond,
 en toe sak hulle uitgeput neer op die grond.
 Hulle gaan lê in die takke en begin toe te gaap,
 en sommer gou is almal vas aan die slaap.



Monkey business is one of 36 stories available in the Little Library Kits for Numeracy, Literacy and Life Skills. Each kit contains 60 readers (5 copies of 12 stories), 12 big books, 12 posters and a comprehensive teacher's guide. The readers and the big books are available in all 11 official languages. For more information please visit our website www.cup.co.za.

Cambridge University Press
 P O Box 50017, V&A Waterfront, 8002
 Tel 021-4127800 | Fax 021 4198418
 Email info@cup.co.za




Monkey business Aapstreke

Jolanta Durno
Sally Whines



Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark children's potential through storytelling and reading. For more information, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genot veldtog wat kinders se potensiaal help ontwikkel deur middel van lees en die vertel van stories. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org, of www.nalibali.mobi





Baba apie gryp 'n rokende stokkie.
 Sy trek dit in en blaas 'n wolkie.
 Maar haar keel trek toe en haar bors voel seer,
 toe gooi sy die stokkie maar lewer weer neer.

Baby monkey found a smoking stick.
 She took it and puffed it and she felt rather sick.
 It made her throat dry and it made her chest pain,
 so she threw it onto the ground again.



Monkeys are playful and curious too,
 sometimes they copy what humans do.

A monkey family that lived near the sea,
 was jumping and swinging from tree to tree.
 One sunny day they came to a stop,
 above a messy picnic spot.

Apies wil graag speel en kyk,
 wat mense doen en hoe hulle lyk.

'n Aap-familie het by die see gebly,
 en in die palmbome gespeel en gegly.
 Op 'n sonnige dag sien hulle daar,
 'n morsige piekniek-plek, sowaar.




The cigarette started to smoke
 and soon the monkeys began to choke.
 A flame went up, higher and higher
 and soon the flame became a fire!

Die sigaret gloei en die rook begin styg,
 en gou is die apies almal aan die hyg.
 Die kooltjie word vonke en binne 'n uur
 word die vonke groot vlamme en toe 'n reuse vuur!



... monkeys are playful, and curious too,
 perhaps humans should copy what monkeys do!

... miskien moet ons na die apies kyk,
 wat hulle doen en hoe hulle lyk.



Ma monkey mumbled,
Pa monkey moaned,
The young monkeys huddled
together and groaned.

Ma apie mompel, Pa apie kreun.
Die jong apies klou aan mekaar en steun.



The sweet made Ma monkey's teeth hurt.
The beer made Pa monkey fall in the dirt.
Monkeys are playful and curious too,
sometimes they copy what humans do.


Die lekker maak Ma apie se tande seer.
Van die bier slaan Pa apie sommer neer.
Apies wil graag speel en kyk,
wat mense doen en hoe hulle lyk.

Fold



Then they tidied the spot where the humans had been
and wrote in the sand: "Please keep our home clean!"
Because ...

Hulle maak aan die kant daar waar hulle woon
en skryf aan die mense: "Hou asseblief ons plek skoon!"
Want ...



They peered through the leaves and heard
munch, slurp, burp. It sounded like fun!
So the monkeys waited till the humans had gone.


Hulle loer deur die blare, hoor 'n geslurp en gekou.
Dit klink na pret waarvan apies hou!
Die apies wag tot die mense ry,
en kom toe by die palmblare afgegly.

Fold

Munch. Ma apie khou aan 'n geel lekker vol sand.
 Dis taai en morsig en sit vas aan haar hand.
Slurp. Pa apie gryp 'n bier en vat 'n groot sluk,
 snak na sy asem, en begin te hik!



Munch. Ma monkey chewed on a soft, sandy sweet,
 It was sticky and gooey from the summer heat.
Slurp. Pa monkey gulped some bubbly beer,
 then grinned at the bottle from ear to ear.



The monkeys jumped and swung to the ground,
 and they looked at what was lying around.
 Monkeys are playful and curious too.
 Sometimes they copy what humans do.

Toe spring hulle tot op die grond
 en kyk watter rommel lê oral rond.
 Apies wil graag speel en kyk,
 wat mense doen en hoe hulle lyk.



Then they all jumped into the smoking spot,
 hopping about, because it was hot.
 Toe spring die apies op die smeiende kole,
 hulle trippel rond, want dit brand hul tone.



And they worked together,
 using their hands,
 to put out the fire
 with large leaves and sand.

Hulle werk toe saam met voet, stert en hand,
 en blus die vuur met groot blare en sand.


Stielik kom 'n rukwind op en wai een van die eiertjies uit die nes.
 Topo kyk af. Onder op die grond lê 'n stukken wit eiertjie. Topo voel baie sleg. Net toe kom die duif terug en gaan sit op die orige eiertjie.



Just then the dove flew back and settled onto the egg that was left in the nest.

Topo looked down. There, on the ground below, was a little white egg smashed to bits. Topo felt horrible.

Suddenly a gust of wind blew one of the eggs out of the nest, whooshed it along the planks and toppled it over the edge.



Die volgende dag ná skool sliep Topo na sy boomhuis en loer in die nes. Hy sien twee eiertjies. Hulle is pragtig en Topo voel baie opgewonde. Hy weet daar gaan jong duiftes uitbroei.

The next day after school Topo crept up into the tree house and looked into the nest. He saw two eggs there. The eggs were beautiful; they made Topo happy. He knew that young doves would hatch out of those eggs.



After school each day Topo sat and watched the nest. The mother dove spent most of her time with her little dove. It grew bigger and bigger. It spent a lot of time flapping, flapping, flapping its wings.

One morning, as Topo was walking out of the kitchen, he stopped suddenly. There was the little dove in front of him on the grass, trying, trying, trying to fly. Topo was very excited, but he stood very still and watched.

The little dove flapped its wings very hard and flew up into the air for a short distance, then came down again. Topo followed the little dove across the yard and over the fence. The little dove tried over and over and over again.


Elke dag ná skool hou Topo die nes dop. Die ma-duif voer die klein duifie met duiwemelk. Die duifie word groter en kry vere. Hy begin om sy vlerke te klap.

Een oggend toe Topo uit die kombuis kom, steek hy vas. Voor hom op die gras sit 'n klein voëltjie wat sukkel om te vlieg. Topo is baie opgewonde, maar hy bly doodstil staan.

Die duifie klap sy vlerkies en vlieg 'n entjie op in die lug. Dan land hy weer. Topo volg die duifie oor die werf en oor die draad. Die duifie probeer weer en weer om te vlieg.

Topo kan nie wag om ná skool huis toe te gaan nie, want dan kan hy in sy boomhuis gaan speel. Daar gebeur altyd iets lekkers.

Topo se pa het die boomhuis in die hoogste boom op hul werf gebou. Topo kan baie dinge van hier af sien. Daar is dakke met allerhande vorms en kleure, hoë geboue in die verte, en bome vol diertjies en voëls daar naby.





Fold

Daardie middag sit Topo lank op die agterstoep. Sy pa kom sit weer langs hom. "Ai, Topo," sê hy, "soms is die lewe baie onregverdig. Ons weet nie altyd hoekom dinge gebeur nie. Maar ek is bly om te sien jy gee om. Eendag sal jy 'n goeie pa vir jou kinders wees, iemand wat hulle sal oppas en beskerm."

Hulle sit 'n rukkie saam en dink aan die stukkende eiertjie en die getroue ma-duif wat haar laaste eiertjie so mooi oppas.

Topo sat for a long time on the back step that afternoon. Once again, Father came and sat beside him. "Oh, Topo," he said, "life often seems unfair. We cannot always understand why things happen the way they do. But it is good that you care. I know that one day you will grow up to be a good father who will love and protect his children."

Together they sat and thought about the broken egg and the little dove who sat bravely protecting the egg that was still in the nest.

Endag sien Topo 'n hopie takkies in die mik van 'n boom daar naby. 'n Duif vlieg tot by die hopie takkies. Toe sy vir Topo sien, skrik sy en vlieg weg. Topo krup na 'n tak aan die anderkant van die boomhuis en bly doodstil sit. Die duif kom terug, sien dis veilig en sit nog takkies op die hopie.

Toe die hopie groot genoeg is, gaan sit sy daarop. Sy lyk in haar skik.

Sometimes Topo would take his books into the tree house and read. It was good to read there because it was quiet, with just the birds singing. Other times he just sat and watched. He wondered how far the birds flew and what stories they were telling other birds about the distant places they had been to.

One day, Topo noticed a small pile of twigs on one of the branches that grew very near to his tree house. A dove flew into the tree and fluttered about. But it had seen Topo and was afraid. It flew away again. So Topo crept to a branch on the other side of the tree house and sat very still. The dove came back, saw that it was safe, and piled on more twigs.

When the pile was big enough, the dove settled on it. She looked very comfortable.

Soms neem Topo sy boeke saam om daar te sit en lees. Dis lekker om in die boomhuis te lees, want dis doodstil. Net die voëltjies sing en fluit. Ander kere sit hy net en kyk. Hy wonder waarheen die voëls gaan en watter stories hulle vir mekaar vertel oor die plekke waar hulle was.



Each day when Topo came back from school he checked the nest to make sure that the egg was there.

One day, as he peeked into the nest, he saw an ugly creature with a big mouth. It was very small and had no feathers. Topo slid down the tree and ran to tell his father.

Elke dag wanneer Topo van die skool af kom, gaan kyk hy na die eiertjie.

Toe hy op 'n dag weer in die nes loer, sien hy 'n lelike dingetjie met 'n groot, oop snawel. Dis klein en kaal. Topo gly vinnig af en hardloop huis toe om vir sy pa te vertel.

Fold

10 tips for connecting with your children

Here are ten easy ways to help you build a close relationship with your children.

1. Read to your child regularly – no matter how old they are! Reading stories together opens your children's eyes, minds and hearts to different people and situations. It expands your children's horizons, develops their literacy and helps you to build a strong and loving relationship.
2. Write a note encouraging your child and put it in their lunchbox or in a textbook of their most difficult school subject. Children appreciate this, especially during exam or test times.
3. Praise your children often for things that they do so that they know you notice and care.
4. Make a regular time to sit and chat together. When you're doing this, sit facing your child so that you can maintain eye contact. Or, sit close together.
5. Show your children that you love them by giving them lots of hugs!
6. With older children, use social media like Facebook and Whatsapp to stay in touch with them.
7. Make a date with each of your children for one-on-one time and then do something together that you know they love doing.
8. Create family rituals that help build feelings of belonging. These can be simple acts like eating breakfast together every day or washing the dishes together after supper.
9. Just be there! Watch your children play sport, or go see them in the school play. This shows them that you are interested in their lives and their achievements.
10. Tell your children stories about when you were their age. Or, tell them the stories that you enjoyed as a child.



These tips were adapted from ideas supplied by Front Page Father. Go to www.frontpagefather.co.za for more ideas and information about fathering.

From 15-21 June 2015, Front Page Father will be running Fathers' Story Week. This programme aims to get fathers throughout South Africa reading to their children as a way of encouraging children's intellectual development and strengthening the emotional bond between fathers and their children.

10 wenke om 'n band met jou kinders te bou

Hier volg tien maklike maniere om jou te help om 'n hegte verhouding met jou kinders te bou.

1. Lees gereeld vir jou kind – maak nie saak hoe oud hulle is nie! Om saam stories te lees maak jou kinders se oë, gedagtes en harte oop vir verskillende mense en situasies. Dit verbreed jou kinders se horisonne, ontwikkel hulle geletterdheid en help jou om 'n sterk en liefdevolle verhouding met hulle te vorm.
2. Skryf 'n briefie wat jou kind aanmoedig en sit dit in hul kosblik of in die handboek van hulle moeilikste skoolvak. Kinders waardeer dit, veral gedurende eksamens of toetse.
3. Prys jou kinders dikwels vir dinge wat hulle doen sodat hulle weet jy sien dit raak en gee om.
4. Kies 'n gereelde tyd om saam te sit en gesels. Wanneer julle dit doen, kyk vir jou kind sodat jy oogkontak kan behou. Of sit naby mekaar.
5. Wys jou kinders dat jy lief is vir hulle deur hulle baie drukkie te gee!
6. Met ouer kinders kan jy sosiale media soos Facebook en Whatsapp gebruik om in kontak met hulle te bly.
7. Maak 'n afspraak met elkeen van jou kinders vir tyd alleen saam met hulle, en doen dan iets saam waarvan hulle baie hou.
8. Skep familierituele wat kinders laat voel dat hulle belangrik is en dat die familie saam hoort. Dit kan eenvoudige dinge wees, soos om elke dag saam ontbyt te eet of saam die skottelgoed te was na aandete.
9. Wees net daar! Kyk hoe jou kinders aan sport deelneem, of gaan kyk wanneer hulle in die skoolopvoering optree. Dit wys vir hulle dat jy belangstel in hulle lewens en hulle prestasies.
10. Vertel vir jou kinders stories oor toe jy so oud soos hulle was. Of vertel vir hulle die stories wat jy as kind geniet het.

Hierdie wenke is aangepas van idees wat Front Page Father verskaf het. Gaan na www.frontpagefather.co.za vir nog idees en inligting oor vaderskap.

Van 15-21 Junie 2015, sal Front Page Father 'n storieweek vir pa's hou. Die doel van hierdie program is om pa's oral in Suid-Afrika aan te moedig om vir hulle kinders te lees as 'n manier om kinders se intellektuele ontwikkeling te bevorder en die emosionele band tussen pa's en hulle kinders te versterk.




A birthday present for Dad

Story by Ann Walton



Illustrations by Magriet Brink



"It's Dad's birthday today," said Mom.

"Oh, I want to get him a present!" said Alex. "What should I give him, Mom?"

"We have to go to the shop to buy some flour for Dad's birthday cake," said Mom. "We will try to think of a present for Dad on the way to the shop."

"Okay! I'll carry the shopping bag," said Alex.

So Alex and his mother set off. Alex ran ahead of his mother on the well-trodden path. It was a lovely day. The sun was shining through the pine trees, and onto the pine nuts that had fallen to the ground. Alex picked one up.

"Look, Mom. What is this?" he asked.

"It's a pine nut," said Mom.

"It looks as if it has a wing," said Alex.

"That's so it can float on the wind and find a good place to grow into another pine tree," said Mom. "All these pine nuts on the ground have fallen from the pine cones on the trees."

"Can I taste one?" asked Alex.

"Yes, but we have to get it out of its shell first," said Mom, and she crushed the shell with a stone.

"Here you are," said Mom, and she gave Alex the little nut.

"It tastes good!" he said. "Do you think Dad would like some pine nuts for his birthday, Mom?"

"Maybe," said Mom.

So Alex picked up lots of pine nuts and put them in the shopping bag. As they walked along, Alex noticed the sun reflecting off some stones. He picked one up.

"Look at this brown stone, Mom," he said. "It is so smooth. Do you think Dad would like it for his birthday?" asked Alex.

"Maybe," said Mom.

So Alex put the smooth brown stone in the shopping bag and off they went. Then Alex saw some wild blue flowers next to the path.

"Look at these flowers, Mom," said Alex. "They're the same colour as the sky."

"They are little wild flowers, and they're facing the sun," said Mom.

Alex picked one. "Do you think Dad would like this blue flower for his birthday, Mom?" he asked.

"Maybe," said Mom.



Alex put the little blue flower in the shopping bag.

Just then Alex and his mother reached the shop. Mom bought flour to make Dad a birthday cake. She also bought little candles to put on top of the cake.

When they got home, Mom baked the birthday cake and Alex took the pine nuts and the smooth stone and the little blue flower out of the shopping bag.

"Oh, no! Look," said Alex, "the little blue flower is curled up, and its face is closed."

"Yes," said Mom. "Wild flowers like to show their faces to the sun, and they like to stay in the ground."

"Oh," said Alex.

"Why don't you draw a picture for Dad for his birthday?" said Mom.

"Good idea," smiled Alex. He fetched his crayons and some paper to draw a picture for Dad. He drew a house with a red roof. Then he drew a big green tree next to the house. He added a garden path all the way from the front door to the edge of the page, and he drew blue flowers all along the path. He drew the blue sky at the top of the page and also a big yellow sun. Then he drew green grass at the bottom of the page. Finally he drew Dad, Mom and himself standing on the grass.

Then Dad came home from work.

"Happy birthday, Dad," said Alex and gave him his presents. First he gave Dad the pine nuts. "I love pine nuts," said Dad.

Next he gave Dad the smooth brown stone. "What a special stone!" said Dad. "I'll keep it in my pocket for luck!"

Then he gave Dad the drawing. "Oh!" said Dad. "This is our house and our tree and here we are! You, Mom and me. And I really like the blue flowers along the garden path."


"Those blue flowers are the same blue as the sky," said Alex.

"Thank you for my birthday presents, Alex," said Dad, and he gave Alex a big hug. "I think we should plant some wild blue flowers," said Dad. "We'll plant them all along our garden path, just like the flowers in your picture."

"Good idea!" said Alex. "I'll help you plant them, Dad!"

After supper Mom lit the candles on Dad's cake. Dad blew them all out in one big whoosh! Alex and Mom sang "Happy Birthday" to Dad.

"I love finding presents for you, Dad," said Alex with a great big smile.





"Dis vandag Pappa se verjaardag," sê Mamma.

"Ek wil vir hom 'n geskenk gee!" sê Alex. "Wat kan ek vir hom gee, Mamma?"

"Ons moet winkel toe gaan om meel te koop vir Pappa se verjaardagkoek," sê Mamma. "Ons sal op pad winkel toe dink wat ons vir Pappa kan koop."

"Reg so! Ek sal die inkopiesak dra," sê Alex.

Alex en Mamma stap winkel toe. Alex hardloop vooruit op die uitgetrapte voetpaadjie. Dit is 'n pragtige dag. Die son skyn deur die dennebome en op die dennepitte wat op die grond geval het. Alex tel een op.

"Kyk, Mamma. Wat is dit?" vra hy.

"Dit is 'n dennepit," sê Mamma.

"Dit lyk of dit 'n vlerkie het," sê Alex.

"Dit is sodat dit op die wind kan sweef en 'n goeie plek kan vind waar dit kan groei en 'n groot denneboom kan word," sê Mamma. "Al hierdie dennepitte op die grond het uit die dennebolle aan die bome geval."



"Kan ek aan een proe?" vra Alex.

"Ja, maar jy moet dit eers uitdop," sê Mamma, en sy kraak die dop met 'n klip.

"Hierso," sê Mamma, en sy gee vir Alex die klein pitjie.

"Dit smaak lekker!" sê hy. "Dink jy Pappa sal van dennepitte hou vir sy verjaardag, Mamma?"

"Miskien," sê Mamma.

Alex tel 'n handvol dennepitte op en sit hulle in die inkopiesak. Terwyl hulle verder stap, sien Alex hoe die son op die klippe weerkaats. Hy tel een op.

"Kyk hierdie bruin klip, Mamma," sê hy. "Dis so glad. Dink jy Pappa sal daarvan hou vir sy verjaardag?" vra Alex.

"Miskien," sê Mamma.

Alex tel die gladde bruin klip op, sit dit in die inkopiesak, en hulle stap verder. Toe sien Alex blou veldblomme langs die paadjie.

"Kyk na hierdie blomme, Mamma," sê Alex. "Hulle is so blou soos die lug."

"Hulle is klein veldblommetjies en hulle draai na die son toe," sê Mamma.

Alex pluk een. "Dink jy Pappa sal van hierdie blou veldblommetjie hou vir sy verjaardag, Mamma?" vra hy.

"Miskien," sê Mamma.

Alex sit die klein blou blommetjie in die inkopiesak.

Net toe kom Alex en sy mamma by die winkel aan. Mamma koop meel om vir Pappa 'n verjaardagkoek te bak. Sy koop ook klein verjaardagkerse om op die koek te sit.

Toe hulle by die huis kom, bak Mamma die verjaardagkoek en Alex haal die dennepitte en die gladde klip en die klein blou blommetjie uit die inkopiesak.

"Ag, nee! Kyk," sê Alex, "die klein blou blommetjie het opgekrul en sy gesiggie toegevou."

"Ja," sê Mamma. "Veldblomme hou daarvan om na die son toe te draai, en hulle hou daarvan om in die grond te staan."

"O," sê Alex.

"Waarom teken jy nie vir Pappa 'n prent vir sy verjaardag nie?" sê Mamma.

"Goeie idee," glimlag Alex. Hy gaan haal sy kryte en papier en teken vir Pappa 'n prent. Hy teken 'n huis met 'n rooi dak. Toe teken hy 'n groot groen boom langs die huis. Hy teken ook 'n tuinpaadjie al die pad van die voordeur tot by die rand van die bladsy, en hy teken blou blommetjies al langs die paadjie. Hy teken die blou lug aan die bokant van die bladsy en ook 'n groot geel son. Toe teken hy groen gras onderaan die bladsy. Laaste teken hy vir Pappa, Mamma en homself wat op die gras staan.

Toe kom Pappa huis toe van die werk af.

"Gelukkige verjaardag, Pappa," sê Alex en gee vir hom sy geskenke. Eers gee hy vir Pappa die dennepitte. "Ek hou so baie van dennepitte," sê Pappa.

Toe gee hy vir Pappa die gladde bruin klip. "Wat 'n spesiale klip!" sê Pappa. "Ek sal dit in my broeksak sit om geluk te bring!"

Toe gee hy vir Pappa die tekening. "O!" sê Pappa. "Dit is ons huis en ons boom en hier is *ons!* Jy, Mamma en ek. En ek hou regtig van die blou blommetjies langs die tuinpaadjie."

"Daardie blou blommetjies is net so blou soos die lug," sê Alex.

"Dankie vir al my geskenke, Alex," sê Pappa, en hy gee vir Alex 'n stywe drukkie. "Ek dink ons moet blou veldblommetjies plant," sê Pappa. "Ons sal hulle al langs ons tuinpaadjie plant, net soos die blommetjies in jou prent."

"Blink plan!" sê Alex. "Ek sal jou help om hulle te plant, Pappa!"

Na aandete steek Mamma die kersies op Pappa se verjaardagkoek aan.

Pappa blaas hulle almal met een groot woesh! dood.

Alex en Mamma sing vir Pappa "Veels geluk, liewe Pappa".

"Ek hou daarvan om vir jou geskenke te soek, Pappa," sê Alex met 'n breë glimlag.



Nal'ibali fun

Using the pictures as clues, fill in the names of these Nal'ibali characters to discover the character's name in the green blocks.



- | | | |
|--------|------|------|
| BELLA | GOGO | JOSH |
| DINTLE | HOPE | NEO |

Nal'ibali-pret

Gebruik die prente as leidrade en vul die name van hierdie Nal'ibali-karakters in om die karakter se naam in die groen blokke te ontdek.

- | | | |
|--------|------|------|
| BELLA | GOGO | JOSH |
| DINTLE | HOPE | NEO |

Can you find six differences between these two pictures?
Kan jy ses verskille tussen hierdie twee prente vind?



Find us on Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA
Vind ons op Facebook:
www.facebook.com/nalibaliSA

Answers
Antwoorde

Don't forget that we will be taking a break until the week of 9 August 2015. Enjoy the winter holidays, and join us after the holiday for more Nal'ibali reading magic! In the meantime, visit www.nalibali.org or www.nalibali.mobi to find stories and reading-for-enjoyment inspiration.

Moenie vergeet nie - ons neem 'n blaaskans tot en met die week van 9 Augustus 2015. Geniet die wintervakansie en sluit na die vakansie weer by ons aan vir nog Nal'ibali-leesplezier! Gaan intussen na www.nalibali.org of www.nalibali.mobi om stories en lees-vir-genot inspirasie te vind.

Supplement produced by The Project for the Study of Alternative Education in South Africa (PRAESA) and Times Media Education. Translated by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.